

12 LENTBESLUIITE

11 TOT 17 MAART

5. EK SAL MY LIGGAAM DEEL VAN MY GELOOF MAAK.

Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het.
(Gen 2:7 NV)

...die God in wie se hand u asem en voor wie al u paaie is... (Dan 5:23)

Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek seker: geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmeakaargeweef is diep in die moederskoot.
(Ps 139:14-15)

Ek sal U my lewe lank loof, my hande ophef om u Naam te prys.
(Ps 63:5)

Ons het 'n liggaam om die Here mee te dien, en van sy kant af sorg die Here vir ons liggaam...Besef julle nie dat julle liggame so aan Christus verbind is asof dit sy eie liggaamsdele geword het nie?
(1 Kor 6:13,15 LB)

Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.
(1 Kor 6:19-20)

Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer—dit is julle redelike (wesenlike) godsdiens.
(Rom 12:1)

Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.
(Rom 6:13)

Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.
(1 Kor 10:31)

...sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlijkheid van God die Vader.
(Fil 2:10-11)

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees...
(Mat 28:19)

Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.
(1 Kor 11:26)

...love the Lord your God with all your passion and prayer and muscle and intelligence...
(Luk 10:27 Mes)

Toewyding het met die liggaam te doen.

Hulle wat onthou hulle liggaam is God se idee en ontwerp word verryk en verdiep in hulle verhouding met God. Hulle verstaan dat hulle lewens-energie van Hom af kom.

Hulle leef hulle geloof op 'n beliggaamde manier uit en is nie abstrak en teoreties nie. Hulle geloof is nie net idees, of selfs oortuigings nie.

Hulle weet hulle liggaam is 'n tempel, instrument van aanbidding, ontmoeting en diens.

Hulle het 'n aardse geestelikheid van hande, knieë, stemme, eet en drink, die doop en nagmaal...

Hulle pas hulle liggame op. En die aarde.

Sien jy jou liggaam as iets wat aan God behoort en aan jou toevertrou is?
Sien jy jou gesondheidsgewoontes – jou eet en drink, slaap, oefen en ontspan, as belangrik en integraal deel van hoe jy Christus volg?
Sien jy die groot wonder, die hele Bybel nooi jou na 'n aardse-hemelse geloof – jou stem, jou hande, jou oë – alles gegee sodat jy God beter kan ken en liefhê?

Gaan hierdie week op 'n paar geheime plekke op jou knieë en steek jou hand uit na bo.
Wei jou liggaam toe aan die Here.

Here, ek dank U vir hoe U my gemaak het. Ek wil U dien met alles wat ek is,